# GESKIEDENIS

## Die Europese Renaissance

## Graad 6

Week 1: 20 April

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eenheid 1: Die Europese Renaissance

Gedurende kwartaal 2 gaan jy meer leer oor ‘n tydperk, genoem die Europese Renaissance. Jy gaan ook leer van die bekendste ontdekkingsreisigers en waarom hulle op hierdie verkenningsreise gegaan het.

Ter inleiding van hierdie eenheid, kyk gerus na die insetsel van die videogreep op die volgende skyfie.

Indien jy sukkel om die video oop te maak, kan jy die volgende webadres besoek:
https://www.youtube.com/watch?v=17OP-2eSW5M

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Age of Exploration



Studies Weekly®
America's New Textbook

LAERSKOOL MIKRO

## Wat is die Renaissance-tydperk?

‘n Tyd tussen die 14de en 16de eeue in Europa toe kuns, letterkunde, filosofie en wetenskaplike idees belangrik geraak het.

## Wat het in hierdie tydperk gebeur?

Mense het nuwe kuns en musiek gemaak.

## Die ontstaan van die Renaissance

Die beweging het in die 1300’s in Italië begin, waar handelaars en reisigers uit alle dele van Europa bymekaar gekom het. Van daar af het dit oorgespoel na Frankryk, Engeland, Duitsland, Nederland, Spanje en ander Europese lande.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## Politieke agtergrond van die Renaissance:

Met die aanbreek van die Renaissance het talle belangrike Italiaanse stede onder die beheer van ‘n enkele familie gekom. Die families het die beskermhere van belangrike kunstenaars en politici geword.

## Wat is die middeleeue?

Middeleeue verwys na die periode tussen die antieke en moderne tyd in Wes-Europa.

Dit was in die jaar 400 n.C tot ongeveer 1 500 n.C. – duur sowat 10 eeue.

Gedurende hierdie tydperk het talle mense van die reuseverbeteringe vergeet wat die Grieke en Romeine aangebring het

Laerskool Mikro Kopiereg ©


Die Renaissance en die Middeleeue kan as die volgende era's opgesom word:

**Renaissance:**
Era van menslikheid, wetenskap, opvoeding, regte en vryheid van individue.

**Middeleeue:**
Era van geloof in God en die hemel







Laerskool Mikro Kopiereg ©

Voor die 1400's het die mense in Europa nooit verder as nabygeleë dorpe gereis nie. Dit het egter verander in die 1400's. Mense het al meer begin om te reis en plekke te verken.


<u>Hoekom het dit gebeur?</u>

1. Meer mense het tydens die Renaissance leer lees en skryf.
2. Mense het nuuskierig geraak oor ander plekke en kulture.
3. Idees en kennis het versprei.
4. Nuwe tegnologie het beteken dat groter skepe gebou kan word, dus kon mense verder seil.
5. Handel het belangrik geraak. Lande wou handel dryf sodat hul ryk kon word.
6. Europeërs wou hul Christelike godsdiens uitdra en hul kultuur laat versprei.

Laerskool Mikro Kopiereg ©







LAERSKOOL MIKRO

Wat moet ek weet na hierdie les?

- Wat is die Renaissance?
- Wat is die verskil tussen die Renaissance en die Middeleeue?
- Waarom het mense begin om op ontdekkingsreise te gaan?

Let wel: Jy moenie hierdie vrae en antwoorde in jou boek neerskryf nie. Ek wil graag hê jy moet probeer om hierdie antwoorde vir mamma, pappa, boetie of sussie te verduidelik. Kyk of jy elkeen van die vragies mooi volledig kan beantwoord.

Laerskool Mikro Kopiereg ©